

# **Tema: Een vir almal en almal vir dié Een**

## **Woordbediening**

Lukas 22:14-23

Lukas 9:28-36

Eksodus 12:41-52

## **Preekteks: Luk 22:14-16**

*“Toe dit tyd was, het Jesus aan tafel gegaan en die apostels saam met Hom. Hy sê toe vir hulle: 'Ek het baie daarna uitgesien om hierdie Paasmaaltyd saam met julle te eet voordat Ek ly. Ek sê vir julle: Ek sal dit nie weer eet voordat dit in die koninkryk van God sy volle betekenis gekry het nie.'”*

Hierdie woorde van ons Here Jesus bring ons diep onder die indruk van hoe doelgerig en gehoorsaam Hy die wil van God eerbiedig het en hoe toegewyd Hy sy deel gedoen het om die raadsplan van God uit te voer. Let veral op die volgende woorde:

### **“toe dit tyd was”**

Letterlik: “en toe die uur kom”. Tot op die uur toe gehoorsaam Hy dit wat vir Hom opgeskryf is. Die viering van die Pasga volgens die voorskrifte was Moses was deel van sy opdrag. Saam met die twaalf apostels herdenk hulle soos een huisgesin die uittog uit Egipte, die nag toe al die eersgeborenes in Egipte gesterf het, behalwe waar die bloed van die Paaslam aan die deurkowsyne gesmeer was.

### **“Ek het baie daarna uitgesien”**

Hy stel dit eintlik nog sterker: “Met intense begeerte het Ek begeer...” Die voltooiing van sy opdrag is nie iets wat Hy probeer ontwyk het nie. Moses en Elia het al met Hom gepraat oor sy “eksodus”, sy uittog in Jerusalem (Luk 9:31). Almal het die grootste belang daarby: die wat al gesterf het, die wat nog lewe en die wat in die toekoms nog gebore moet word. Hierdie Paasmaaltyd bring die keerpunt in die verlossingsgeskiedenis van die hele mensdom.

### **“saam met julle”**

Dis hierdie twaalf wat die Vader aan Hom gegee het. Hulle was die hele tyd saam met Hom in sy beproewinge. Hulle het saam met Hom alles beleef. Hy het hulle uitgekies vir dit alles, óók vir saam met Hom wees by hierdie Pasga. Hulle is die uitverkore getuies van alles wat Hy gaan sê en doen by hierdie maaltyd. Hulle gaan die boodskappers wees van die Nuwe Verbond wat God met mense sluit in Christus.

### **“voordat Ek ly”**

Sonder sy lyding gaan dit maar net nog Pasga wees wat terugkyk na die verlede. Gekoppel aan sy lyding maak dit Nuwe Toekoms oop vir hulle wat saam met Hom aan tafel is en vir almal wat nog in Hom sal glo. Net soos hulle Hom nodig het, het Hy hulle egter ook nodig. Hy ly nou vir hulle, sodat hulle ook later vir Hom kan ly. Hy vir almal en almal vir Hom.

### **“Ek sal dit nie weer eet voordat...”**

Die Pasga in sy ou betekenis sal Hy nooit weer eet nie. Hierdie is die laaste. Die Nuwe Pasga sal feesmaal wees by die koms van God se koninkryk. As Hy daarna uitgesien het om die oue saam met die twaalf apostels te eet, hoeveel te meer begeer Hy nie intens om dit saam met almal wat aan Hom behoort in ewige heerlikheid te eet nie?

**Laat ons dan ons hoop en verwagting op Hom rig. Soos wat Hy sy lewe vir ons almal gegee het, laat ons ons lewe aan Hom toe.**